UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

# KAMPUS nuus




## FIONA VAN KERWEL
## 10 jaar van WOW

Grande Dame gets a facelift

Beplan só slim vir jou aftrede

Exercise is the best medicine

Steven Fredericks oor 42 US-jare

JAAR 21#10 DESEMBER 2013 / JANUARIE 2014 YEAR 21#10 DECEMBER 2013 / JANUARY 2014
US Personeelblad SU Staff Magazine

contents inhoud



My Kampus: Rudie Nel geniet klasgee ....3
New technology for a safer campus ....4
Artikel oor windgenerator wen ....5
Afrika-kankerinstituut bekendgestel ....6
PLUS-program ken sertifikate toe ....7
Centre for Military Studies breaks new paths ....8
Grande Dame gets a facelift ....9
Beplan só vir jou aftrede ....10
Tien jaar van die WOW-projek ....11
US Camerata speel *Khumba* se klankbaan ....12
Kampuslewe: Eet, lees en vier ....13
Exercise is medicine ....14
In gesprek met Steven Fredericks ....15
Brokkies in Beeld ....16




4



9



11


*Redakteur:* Wayne Muller
*Voorbladfoto:* Stefan Els
*Bladontwerp:* SUN MeDIA
*Drukwerk:* SUN MeDIA
*Advertensies:* Conita Henry
tel: 021 808 4633, e-pos: chenry@sun.ac.za
*Redaksionele bydraes aan:* Die Redakteur,
Admin B-gebou, tel: 021 808 2927,
faks: 021 808 3800,
e-pos: kampusnuus@sun.ac.za
of wmuller@sun.ac.za


UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY



## VAN DIE Redakteur

Die Universiteit Stellenbosch span sy vlerke wyd om regoor die wêreld en ook hier in ons plaaslike gemeenskap 'n impak te maak deur sy navorsing en projekte. Dit is tog ons ingesteldheid sedert die HOOP Projek van stapel gestuur is.

US-personeellede se harde werk word wyd raakgesien en erken. In hierdie maand se *Kampusnuus* berig ons weer eens oor hoe die US sy naam laat geld.

Die US Woordfees se Woorde Open Wêrelde-projek, oftewel WOW, het pas sy tiende bestaansjaar gevier. Met van skrywersfeeste tot karnavalle het die projek reeds 'n groot impak op skoolkinders van Stellenbosch en omstreke gemaak.

Op bladsy 11 vertel die projekbestuurder, Fiona van Kerwel, oor al die suksesse en hoogtepunte.

Recently, the Centre for Military Studies was involved in a joint programme between South African and Romanian researchers which brought interesting perspectives on the history of the two countries. The Centre's director, Ian Liebenberg, shares more about this experience on page 8.

One of SU's oldest academic buildings had a facelift recently. On page 9, Wiida Fourie-Basson writes about the history and future of the new Mathematical Sciences and Industrial Psychology Building, which now complies with the latest green building regulations.

Die animasiefliek *Khumba* se klankbaan is onlangs by die US se Konservatorium opgeneem in 'n projek wat wys dat die US in die toekoms ook groot naam in die internasionale fliekbedryf kan maak. Lees op bladsy 12 meer oor hierdie projek.

Dan is daar ook artikels wat jou persoonlik raak. Almal van ons moet vir ons aftrede beplan. Op bladsy10 gee prof Niel Krige, 'n kenner op die gebieg van aftrede, raad oor hoe US-personeellede kan verseker dat hulle 'n sorgvrye aftrede kan hê.

Lees ook op bladsy 14 meer oor hoe oefening beter medisyne is as pille en tablette.

Geniet hierdie uitgawe van *Kampusnuus*, asook die feestyd. Ons sien mekaar weer in 2014.

Wayne

## KAMPUS klets

I am absolutely delighted for Dr Mary-Anne Plaatjies van Huffel (see page 5). I experienced the World Council of Churches (WCC) as a youth steward in 1983 in Vancouver. Then Dr Allan Boesak had just been elected leader of the WARC. Who could have known! Way to go! God bless you. Keep us informed of the work of the WCC. Wishing you well.
– *Reverend Cheryl Uren, Rector St. Mary Magdalene Anglican Church, Belhar*

Congratulations Dr Pamhidzai Bamu (who delivered a full paper at the Stanford and Harvard Law Schools' 2013 International Junior Faculty Forum). It is no surprise that Stellenbosch University produces scholars of your calibre. God bless you much in all your endeavours. Maties forever!
– *Tom J. Obengo*

Dankie vir 'n baie lekker, ontspanne dag (US se eerste sportdag vir personeel in Oktober). Die reën kon nie eens regkry om die gees te breek nie! Dit kan maar elke jaar gebeur. Die personeel het nodig om so ontspanne met mekaar mee te ding. Dit bring 'n ontspanne atmosfeer ná 'n baie harde jaar! Nogmaals dankie vir al die voorafreëlings vir die dag. Ons waardeer die moeite.
– *Benita van Zyl*

Thank you to everyone who got their hands dirty and their hair a bit frizzy at SU's first Sports Day for staff. It was a wonderful, memorable day. See you again next year. – *Ragmah Abrahams at Facilities Management*

Music recorded @StellenboschUni @Conservatorium echoed around the earth when 3D movie *Khumba* opened worldwide on 130 screens (see page 12.) – *Johan Hattingh*

*You are welcome to write to Kampusnuus. Send a short letter to kampusnuus@sun.ac.za, fax 021 808 3800 or deliver at Admin B. A pseudonym may be used, provided that you supply your name and email/physicial address (not for publication). Kampusnuus reserves the right to shorten and edit letters. Comment on our SU Facebook page at www.facebook.com/stellenboschuniversity, or follow us on Twitter (stellenboschuni).*





# Klasgee is groot genot

*Rudie Nel, 'n dosent in belasting aan die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, is onlangs vir die tweede jaar agtereenvolgens op grond van studentestemme aangewys as Media24 se dosent van die jaar. SONIKA LAMPRECHT het met hom gesels.*

**Om 'n goeie dosent te wees …** vereis, soos met enige ander beroep, as vertrekpunt harde werk en toewyding in voorbereiding en uitvoering. Boonop dink ek dit is belangrik om 'n positiewe ingesteldheid vir jou vakgebied te handhaaf en om binne perke toeganklik te wees, sonder om 'n behaagslaaf te wees. Myns insiens is 'n goeie dosent dus iemand vir wie die harde werk, entoesiasme en toeganklikheid nie soos "werk" voel nie, maar iets is wat hy of sy geniet.





**Wat ek die meeste van klasgee geniet …** is beslis die interaksie met studente in klasverband en gedurende spreekure. Dis in hierdie interaksie wat 'n mens nie net studente beter kan leer ken nie, maar ook poog om 'n positiewe rolmodel vir hulle te wees deur ondersteunend en behulpsaam te wees, selfs al hou dit nie verband met studies nie. Ek vermoed ek sal die jeugdigheid van voorgraadse studente die meeste mis as ek nagraadse studente begin klasgee, nie dat nagraadse studente nie jeugdig is nie, maar hulle is moontlik meer ernstig ingestel op studies as in hul voorgraadse jare (ek mag heeltemal verkeerd wees).

**Dosente wat my geïnspireer het …** is baie moeilik om uit te sonder, want in my studiejare by Tukkies was ek bevoorreg om by talle uitstekende dosente klas te kon neem. As ek egter 'n kortlys moet opstel van dosente wat my belangstelling in belasting as vakgebied en 'n loopbaan in die akademie geprikkel het, sal dit prof Madeleine Stiglingh, Karen Stark en Redge de Swardt wees. Behalwe vir hul toeganklikheid en vakkundigheid is dit hul professionele manier van optree wat my veral geïnspireer het.

**In die toekoms sal ek …** nog graag 'n doktorsgraad in belasting wil verwerf en beoog om aanstons daarmee te begin. Verder sal ek enige geleentheid aangryp om internasionale konferensies vir navorsingdoeleindes by te kan bywoon en dus so ook meer van die wêreld sien.

**Ek is mal daaroor om …** net saam met my pragtige vrou en dogtertjie te kan wees. As daar dan nog tyd oor is, geniet ek dit om onproduktief voor die televisie uit te span en selfs 'n bietjie Xbox te speel. Ek besef dit sou meer "akademies" wees om te sê ek lees graag, maar 'n mens moet tog eerlik wees!



*Foto's: ANTON JORDAAN en HENNIE RUDMAN*

# Gesogte pryse vir prof Nick Vink

Prof Nick Vink, verbonde aan die US se Departement Landbou-ekonomie, is in November as beide die Wes-Kaap en Suid-Afrika se Landboukundige van die Jaar aangewys.

Landbouskrywers Suid-Afrika, 'n vereniging wat joernalistiek en kommunikasie binne die landboubedryf bevorder, ken sy prys reeds sedert 1977 toe. Ses ander landboukundiges van regoor die land het om die titel meegeding.

Vink is een van die enigste landbou-ekonome in Suid-Afrika wat gelyke aandag gee aan die probleme en vooruitsigte van plaaswerkers sowel as kleinskaalse en kommersiële boere. Daarby doen hy moeite om sy insigte gereeld met die landbousektor te deel deur onder meer waar moontlik produsente- en werkerforums toe te spreek. Vink is reeds sedert 1996 voorsitter van die US se Departement Landbou-ekonomie. Hy doen wyd navorsing oor onder meer temas soos grondhervorming, indiensneming in die landboubedryf, die impak van deregulering, die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse landboubedryf, en landbou- en landelike ontwikkeling in Afrika. In die proses het meer as 140 publikasies al uit sy pen verskyn, waaronder 11 boeke as mederedakteur en 88 vaktydskrifartikels.

Sy loopbaan as landbou-ekonoom het in 1979 begin, en sluit onder meer 'n tydperk by die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika in. Hy was leidend in die totstandkoming in die Wes-Kaap van bedrywighede van die toonaangewende Buro vir Voedsel- en Landboubeleid, om onder meer




*SA Landboukundige van die Jaar prof Nick Vink (regs), voorsitter van die Departement Landbou-ekonomie aan die US, by die toekenningsgeleentheid saam met André Cloete, die beste nuwe toetreder tot kommersiële landbou, en SA Boer van die Jaar Rossouw Cillié van Ceres.*
*Foto: HELENUS KRUGER*

jaarlikse vooruitskattings vir die koring-, gars-, wyn- en vrugtebedrywe te kan onderneem.

Vink is 'n genoot van die Internasionale Vereniging van Landbou-ekonome, asook 'n eregenoot van die African Association of Agricultural Economists.

# Adriaanse becomes 175th Maties Springbok

The Maties Rugby Club produced its 175th Springbok player in October when Lourens Adriaanse made his debut in the test match between South Africa and France in Paris.

Adriaanse made a late entry into the match when he replaced Coenie Oosthuizen at prop during the second half of the match.

South Africa won the encounter by a 19-10 score line.

Adriaanse had a superb student rugby career while he played at Maties. During 2010 – his honours year – he was captain of the victorious Maties team that claimed the FNB Varsity Cup title.

In the same year he was also named as the club's player of the year, as well as the Western Province League's player of the year.

# New technology for **safer** campus

SU's staff and students will now be able to get help from Campus Security with the push of a button at an electronic kiosk – a computer screen in direct contact with Facilities Management's One Stop Operations Centre.

The first electronic kiosk was installed at the Merriman reporting counter (at Campus Security) recently.

Various kiosks will be introduced at points across campus over the next few years.

"The new system means that we no longer need a security guard at the Merriman reporting point who sits there for the few times in 24 hours that people actually come to report an incident. Instead, this guard can now work in the Ops Centre to tend to incidents lodged at the electronic kiosk in Merriman," says Viljoen van der Walt, Director: Risk Management and Campus Security.

The University's street cameras and those at the buildings as well as the fire, smoke and burglar alarms are monitored at Facilities Management's Operations Centre.

"The kiosk is just the first of many where students can contact the Ops Centre, and we will eventually take reporting points to the campus community, rather than the community having to go to a single point to report an incident. Anyone can contact the operator in the Ops Centre by pressing the icon on the touchscreen. The kiosk will activate an audio-video link between the officer in the Ops Centre and the person at the Merriman kiosk. They will be able to see, hear and talk to each other," he says. The room where the kiosk is located will be monitored continuously.

According to Van der Walt the new technology is part of the on-going optimisation of Campus Security's services.

"A project to provide security hotspots with such technology on campus is currently being planned."



*Angelo Echardt, Operations Manager: Campus Security, shows off the new electronic kiosk in Merriman Street.*



# Staff successes

**PROF DAVID DAVIDSON** of SU's Engineering Faculty has been appointed as a member of the NRF Astronomy Advisory Council for the period 1 November 2013 to 31 October 2016. He was nominated for this role by members of the astronomy community. This first NRF Astronomy Advisory Council will assist the NRF to ensure that South Africa's astronomy landscape is developed and nurtured in a manner that serves the best interests of the national astronomy community.



**DR MARY-ANN PLAATJIES VAN HUFFEL (photo)** of the Faculty of Theology was elected as one of the eight presidents of the World Council of Churches (WCC) recently. The election took place at the 10th general meeting of the WCC held in South Korea in November. She was chosen unanimously as Africa's representative and will serve in this capacity until 2020. The WCC, founded in 1948, promotes Christian unity in faith, testimony and service and works towards justice and peace in the world.

**PROF CORNIE SCHEFFER** of the Department of Mechanical Engineering has been recognised with the prestigious AU-TWAS Young Scientists' National Award. The award was presented by the Academy of Science of South Africa on behalf of the African Union and the World Academy of Sciences. Scheffer received the award in the category for Basic Sciences, Technology and Innovation.

# Prys vir artikel oor windgenerator

"Hierdie prys kry jy net een keer in jou lewe!" sê prof Maarten Kamper van die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese.

Hy en sy PhD-student, Johannes Potgieter, het onlangs die eerste prys ontvang op 'n internasionale konferensie vir hul artikel oor 'n nuwe soort windgenerator.

Die Elektriese Masjienekomitee (EMC) onder die Vereniging vir Industriële Toepassings (IAS) van die Instituut vir Elektriese en Elektroniese Ingenieurs (IEEE) het die toekenning gemaak by laasgenoemde se internasionale energieomsettingkonferensie en uitstalling wat onlangs in Denver, Colorado gehou is. Hierdie vlagskip-konferensie het vanjaar 1 300 afgevaardigdes gelok.

Die artikeltoekenning, 'n eerste prys, is toegeken vir die tegniese bevoegdheid van hul artikel, getiteld "Optimum design and technology evaluation of slip permanent magnet generators for wind energy applications", wat tydens die konferensie in Raleigh, Noord-Carolina in 2012 aangebied is.

By konferensies word artikels na afloop van die konferensie evalueer en pryse word by die volgende jaar se konferensie toegeken.

Hul wen-artikel het gehandel oor die optimale ontwerp en evaluasie van 'n komponent van 'n nuwe tipe glip-sinchroon permanente magneetwindgenerator waaroor in 2010 vir die eerste keer gepubliseer is.

"Hierdie nuwe tipe windgenerator verskil van die konvensionele een in dié opsig dat dit geen ratkas of drywingselektronika-omsetter nodig het nie. Daar is groot voordele daaraan verbonde, omdat dit die betroubaarheid en die koste van die lewensiklus van die windgenerator verbeter. Ons werk al sedert 2009 aan die konsep," sê Potgieter.

Hierdie unieke stelsel is al op die SA navorsingsbasis op Antarktika getoets waar dit goed gewerk het.

Tans word twee 15kW-prototipes op 'n windturbinetoetsterrein op Mariendahl, een van die US se proef-plase, getoets. Die krag wat opgewek word, word deur die proefplaas gebruik.

Die tegnologie is gepatenteer en 'n afwentelmaatskappy, SWET (Stellenbosch Wind Energy Techno-logy), is gestig om die tegnologie te kommersialiseer. Die hoofaandeel-houers is InnovUS en die Tegnologie-Innovasie-Agentskap (TIA).



*Prof Maarten Kamper en Johannes Potgieter by die nuwe tipe windgenerator, elkeen trots met 'n wen-sertifikaat in die hand.*

# Borg 'n Kers-geskenkbewys

Met Kersfees om die draai kan personeellede in die gees van welwillendheid 'n geskenkbewys borg wat in die nuwe jaar gebruik kan word om 'n behoeftige student te help.

Die Vouch4US-projek word bestuur deur Lizzie Witbooi, die maatskaplike werker by die Sentrum vir Studentestrukture en -gemeenskappe.

Vandat die projek in Julie afgeskop het as 'n Mandeladag-inisiatief, is 156 Pick n Pay-geskenkbewyse ter waarde van R50 elk geskenk, waarvan 72 aan studente in nood gegee is. Dit is meestal gebruik om kos te koop.

Volgens Witbooi moes sy tot dusver op 'n maandelikse basis hierdie geskenkbewyse uitdeel en verwag sy dat die behoefte veral aan die begin van Januarie groot sal wees. "Hierdie geskenkbewyse kommunikeer die belangrike boodskap dat personeellede waarde heg aan die potensiaal van Maties wat finansiële nood ervaar. Ons moedig personeellede aan om hierdie inisiatief te ondersteun en studente só te help om suksesvol in hul studies te wees," sê Witbooi.

Die behoefte is nie altyd net aan kos nie, sê sy. Soms is dit toiletware, onderklere of selfs medikasie. Sy stel voor dat 'n Pick n Pay-geskenkbewys dalk die beste is, omdat dit ook by hul apteek en by PnP Clothing gebruik kan word.

# US stel kanker-instituut bekend

Die US het in November die nuwe Afrika Kanker-instituut (AKI) bekendgestel. Dié instituut poog om die voorkoming, diagnose en bestuur van kanker in Afrika te verbeter deur middel van hoëvlak-kankernavorsing.

"Meeste soorte kanker kan behandel word en baie is geneesbaar, maar steeds het baie mense in Afrika nie toegang tot basiese dienste vir diagnose en behandeling nie," sê prof Jimmy Volmink, Dekaan van die Fakulteit van Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW).

Daar is 'n enorme behoefte aan intervensies wat sal help om kanker te voorkom en toegang tot behandeling en versorging van kankerpasiënte op die Afrika-vasteland te verbeter. "Kanker word afgeskeep in Afrika. Ons loop blindelings in 'n vloedgolf van kanker in, en dit gaan rampspoedige gevolge hê," sê Volmink.

Volgens hom is die US goed geplaas om hierdie uitdagings aan te spreek. Hoewel die AKI by die FGGW gesetel is, is kankernavorsing by die Universiteit nie beperk tot hierdie fakulteit nie en verskeie afdelings en eenhede by sewe ander fakulteite doen ook kankernavorsing.

"Ons span ons kragte saam deur al ons aktiwiteite onder een sambreel te plaas," sê prof Eugene Cloete, Viserektor (Navorsing en Innovasie).

Volgens prof Vikash Sewram, die AKI se nuut-aangestelde direkteur, dra kanker grootliks by tot nie-aansteeklike siekte- en sterftesyfers in Afrika. "Kanker is die sesde grootste oorsaak van sterftes in Suid-Afrika en is 'n enorme probleem vir openbare gesondheid," sê hy.

Volgens Sewram is die AKI in staat om tot 'n internasionaal-erkende, omvattende kankernavorsingsentrum te ontwikkel, en multidissiplinêre navorsing te doen wat relevant is tot Afrika.

Volmink het die belangrikheid van samewerking beklemtoon en gesê



*Navorsers en klinici by die AKI het toegang tot hoëkwaliteit bestralingstegnologie soos hierdie Elekta Linear Accelerator.*

die AKI sal 'n voorstander vir die bekamping van kanker op die Afrika-vasteland wees. "Ons kan dit selfs beter doen as ons saam met ander instansies in Suid-Afrika, Afrika en elders werk wat ons visie deel."

Die AKI het reeds 'n memorandum van verstandhouding met die Universiteit van Texas se MD Anderson Kankersentrum gesluit.

## Symposium explores future of libraries

Academic libraries are facing several challenges in our modern era and should adapt in order to offer unique value to their users and to stay relevant. This was the message at SU's 13th Annual Library Symposium that kicked off on Thursday, 14 November.

The two-day symposium, titled "X-plore • X-pand • X-ceed: Ensuring dynamic academic libraries for the future", brought together thought leaders to look for solutions to advance institutional objectives and augment the future of academic libraries.

Some of the challenges that libraries have to contend with are smaller monetary investment from university management, which means shrinking budgets; a decrease in newly-trained librarians, which inevitably leads to an ageing workforce; changing technologies and a growing amount of data that is also multilingual, said Carl Grant, Associate Dean for Knowledge Services and Chief Technology Officer, University of Oklahoma Libraries, USA, who delivered the keynote address.

"Everything we do, we have to scale up massively. Libraries should go from being reactive and generic service



*Daniel Forsman, Library Director, Chalmers University of Technology, Gothenburg, Sweden; Ellen Tise, SU's Senior Director Library and Information Service; Prof Julian Smith, SU Vice-Rector (Community Interaction & Personnel); and Carl Grant, Associate Dean for Knowledge Services and Chief Technology Officer, University of Oklahoma Libraries, USA.* Photo: ANTON JORDAAN

organisations to proactive and highly-personalised service organisations."

In his opening address Prof Julian Smith, Vice-Rector (Community Interaction and Personnel), touched on the importance of synergy in seeking solutions. During the symposium several local and international speakers presented papers on a range of topics, with many focusing on e-books and new technologies employed in libraries.

## Bib kry nuwe digitale platform

Die US se Biblioteek- en Inligtingsdiens het op 13 November sy nuut-ontwikkelde platform vir digitale versamelings bekendgestel.

SUNDigital Collections stel materiaal uit unieke versamelings, wat deur die Biblioteek bewaar word, digitaal beskikbaar vir navorsing en verseker ook die langtermyn digitale bewaring van hierdie versamelings.

Die digitale versamelings sluit in argiewe, geskiedenis, foto's, literatuur, musiek en navorsing – onder meer die Afrikaanse anti-apartheidkoerant *Vrye Weekblad*; die 19de-eeuse Nederlandse koerant gebaseer in Kaapstad, *De Zuid-Afrikaan*; historiese foto's van die US en Victoria Kollege; die unieke Hugh Solomon- historiese Afrika-kaartversameling wat van voor 1860 dateer; asook die versameling van die bekroonde Suid-Afrikaanse komponis Stefans Grové.

Die ontwikkeling van die platform is moontlik gemaak deur 'n skenking van die Carnegie Corporation van New York. Die Biblioteek sal die inisiatief deurlopend uitbrei en ontwikkel.



# PLUS-program ken sertifikate toe

Die eerste groep personeellede wat studie in finansiële bestuur as deel van die US se PLUS-program (Professional Learnership University of Stellenbosch) voltooi het, het op 27 November hul sertifikate ontvang.

Die PLUS-program is 'n inisiatief van die US waardeur personeellede sonder formele kwalifikasies opleiding in administrasie kry as deel van hul loopbaanontwikkel. Dit word sedert 2006 aangebied.

Vanjaar kon personeellede vir die eerste keer deur die PLUS-program inskryf vir 'n finansiële kursus van die internasionale Association of Accounting Technicians (AAT).

Volgens Jan Knight van Menslike Hulpbronne loop personeellede van die PLUS-program twee dae per maand klas, ontvang mentorskap, skryf dan 'n oopboek-eksamen en ontvang daarna hul kwalifikasie in administrasie van die US. Dit is gemik op assistente wat administratiewe take binne hul omgewings moet verrig.

Vir die AAT-kursus kom personeellede in aanmerking wat die finansiële administrasie van hul afdelings behartig. Dié kwalifikasie, wat wêreldwyd erken word, stel hulle ook in staat om verdere studie in rekeningkunde te kan onderneem.

Sedert 2006 het reeds sowat 150 personeellede die PLUS-program voltooi. Vanjaar ontvang 'n verdere 25 personeellede hul kwalifikasie in administrasie, terwyl 24 hul AAT-kwalifikasie in finansies kry.

"Ons kollegas is nou beter toegerus vir hul onderskeie rolle – en hulle het die bewys daarvoor. Dit demonstreer die belang van lewenslange leer en sit 'n goeie tradisie voort," het prof Julian Smith, Viserektor



*Hierdie personeellede het die PLUS-program in administrasie voltooi en kwalifikasies op 27 November ontvang.* Foto's: ANTON JORDAAN



*Die eerste groep personeellede van die PLUS-program wat die AAT-kwalifikasie in finansies vanjaar ontvang het.*

(Gemeenskapsinteraksie en Personeel) by die oorhandigingsgeleentheid in die Fismersaal gesê.

• Personeellede wat die PLUS-program wil volg, kan Jan Knight kontak by jkn@sun.ac.za.

## SU's prospectus and Facebook page wins at MACE

The University's Undergraduate Prospectus and its Facebook page were winners in their respective categories at the annual Marketing, Advancement and Communication in Education (MACE) Excellence Awards.

The awards give recognition to universities and colleges that set the tone in the field of marketing, communications and development (fundraising). The awards ceremony, the highlight of the annual MACE conference, was held in Bloemfontein on Tuesday, 19 November 2013.

This Undergraduate Prospectus 2013, with the theme "You Unlimited", won the category External Publications: Special Publications. The publication is edited by Mattie van der Merwe of the Division of Communication and Liaison.

The SU Facebook page won the category Social Media: Social Networks.

The University also received Merit Awards for its alumni magazine, *Matieland* (in the category External Publications: Magazines), the Annual Report (External Publications: Annual Reports), the Research Report (External Publications: Annual Reports) and for its webpage.

# Breaking paths

*A joint programme by South African and Romanian researchers brought interesting perspectives on the socio-political histories of these two countries, reports IAN LIEBENBERG, Acting Director of the Centre for Military Studies (CEMIS) at SU's Faculty of Military Science.*

Geographically far apart, South Africa and Romania share common experiences and challenges. Foremost are the outcomes of their transition to constitutional democracy, the subsequent reform of armed forces and repositioning of their security priorities.

Both countries saw their transition against the background of the uncertainty and instability of the post-Cold War era and the globe swinging precariously between multi-polarity and unipolarity.

These are some of the valuable perspectives gained from analysing the recent socio-political histories of South Africa and Romania through a joint National Research Foundation (NRF) and Romanian-funded research programme, which commenced in 2010 and ended in 2013.

Comparative work lacked on the process of political transition in Romania and South Africa, as well as on the subsequent evolution of their security architecture and the effect of the new political dispensations on national and regional security policies. This research programme covered several themes, including the nature of South Africa and Romania's transitions



*Members of the South African delegation in the Romanian Presidential Palace with the Presidential Advisor during the 2011 visit to Bucharest, from left Calvin Manganyi, Department of Political Science, Faculty of Military Science at SU; Prof Lekoa S. Mollo; Lulian Fota, Presidential Advisor; Prof Mihail E. Ionescu, Director of ISPAIM; Prof Thean Potgieter (CEMIS); Carmen Rîjnoveanu and Dr Petre Otu (ISPAIM).*

to democracy, the realignment of security policy in a changed international environment, civilian control over the military, and the role and effect of parliamentary oversight in the respective democracies.

Besides myself, as Acting Director of CEMIS, the principle investigators were Prof Thean Potgieter (former Director of CEMIS) and Prof (Major General) Mihail E. Ionescu from the Institute for Political Studies of Defence and Military History (ISPAIM) in Bucharest. Junior and senior researchers and postgraduate members involved were Dr Şerban Filip Cioculescu, the Deputy-Director of ISPAIM; Dr Petre Out; Calvin Manganyi; Peter-Vlad Szasz; and Carmen Rîjnoveanu.

Under- and postgraduate students from both countries benefited from guest lectures and interaction with the research teams. The other project activities included academic exchanges and workshops in South Africa and Romania. From this, research reports, academic papers, accredited articles and chapters to books were delivered, as well as a monograph and an edited peer-reviewed work by myself, Manganyi and Potgieter (as editors), titled *South Africa and Romania: Transition to Democracy and Changing Security Paradigms (2013).*

The project also offered opportunity for developing human potential and cultural dialogue, while stimulating academic debate and creating a better theoretical understanding and forging closer links between the two countries.

The project played an important role in promoting the African agenda internationally and informing the academic environment outside South Africa of our unique experiences and realities inside the country, within the region and on the continent.



*South African researchers Calvin Manganyi and Ian Liebenberg during a visit to Sinaia in the Carpasian mountains.*




*The cover of the edited work by Manganyi, Liebenberg and Potgieter.*



# Grande Dame gets a facelift

*One of the oldest academic buildings on the Stellenbosch University campus, the Industrial Psychology Building, is now completely renovated and modernised. WIIDA FOURIE-BASSON tells us more.*

In 1913 the former Education Building was the first academic building to be built a little further away from the then Victoria Kollege Plain. The purpose was to provide in the growing need for the training of teachers.

The idea was that it would be the beginning of "een mooie ry gebouwen, die de Senaat in die vorm van een vierkant op het veld hoopt te zien verrijzen" (the beginning of a nice row of buildings that the Senate hoped to see arise in the form of a square around the football field).

The Victoria Kollege was housed in the Ou Hoofgebou on the corner of Victoria and Ryneveld Street since 1896, but it quickly became too small to accommodate all the students. According to SU archivist, Karlien Breedt, the Kollege acquired several buildings and facilities, such as the Jan Marais Physical Laboratory in 1898, the CL Marais Library in 1900, and residences such as Wilgenhof and Harmonie in 1903 and 1905 respectively. By 1917, the 40 lecturers at the Kollege provided training to 504 students.

Now the former Education Building, today better known as the Industrial Psychology Building, has been renovated and was officially opened on 28 October by SU Rector Prof Russel Botman as the new Mathematical Sciences and Industrial Psychology Building.

While the outside of the building with its typical gable and tower still looks exactly the same as it did 100 years ago, the inside underwent a complete makeover with, amongst other features, energy-efficient lighting as well as glass doors and walls. Recycled building materials were used in the renovation.

According to architect Jaco Niemann the project has shown that an old building can be made to cater for current demands such as more office space and increasing student numbers. "We also managed to comply with the latest green building regulations. And we did all this without sacrificing the building's cultural and historical heritage," he said.

Mariétta van den Worm, faculty manager of SU's Faculty of Science and one of the primary movers behind the R18-million project that started in 2005, recounts that they wanted to maintain the character of the original building as far as possible. Therefore they kept the oregon floors, doors and door handles, for instance.



The inner courtyard was quite unsightly and was given a new look. Decking from recycled materials was laid over the cement floors and the rest of the square was covered with a glass ceiling.

The double staircase, with its cast iron balustrade leading from the entrance hall to the lecture halls upstairs, is undoubtedly a show-stopper.

Initially, this same staircase caused the architect a major headache. "The entrance hall was dark with poor lighting and the staircase was painted black with grey railings. I couldn't believe that any student would want to go to class in such a morbid building," says Niemann.

Today the staircase is one of his proudest achievements. Randomly placed downlights create the effect of a starry sky. The feeling of light is carried further through the enormous glass doors on both sides of the foyer, leading to the two academic departments housed there, the Departments of Mathematical Sciences and Industrial Psychology.

The three lecture halls were also revamped and furnished with the latest technology to support teaching. By replacing the old seats, they managed to fit in an additional 50 seats.



*Photos: ROUSSEAU LÖTTER*

# Tree af **met gemoedsrus**

*Almal van ons wil vroeg genoeg aftree sodat ons ons herfsjare kan geniet. Om dit met finansiële gemoedsrus te kan doen verg goeie beplanning, sê prof Niel Krige aan ALEC BASSON.*

Wil jy graag met gemoedsrus aftree? Wel, begin reeds vroeg spaar en probeer om 'n bietjie langer te werk. Dít is die raad van prof Niel Krige, 'n kenner in portefeuljebestuur aan die US se Nagraadse Bestuurskool.

Vroeër vanjaar was aftrede juis die onderwerp van Krige se professorale intreerede.

Hy meen baie mense kan finansieel sukkel tydens hul aftrede omdat hulle te min spaar. As voorbeeld noem hy dat in die geval van die US se aftreefonds dra 31% van die personeel minder as

> *"Wanneer mense van werk verander moet hulle probeer om hul opgeboude aftreefondse in 'n bewaringsfonds te belê in plaas daarvan om dit op luukshede te spandeer."*

15% van hul salarisse by tot hul aftrede.

"Die ideaal is om minstens 20% van jou salaris opsy te sit," sê Krige. Hy wys egter daarop dat 25% van US-personeel wel 20% van hul salarisse bydra.

Krige raai veral jong werkendes aan om vroegtydig vir aftrede te spaar. "Die positiewe effek van beleggingsopbrengste op bydraes wat tussen 25 en 35 gemaak word, is dramaties meer as die effek van beleggingsopbrengste op bydraes tussen 55 en 65."

Wanneer mense van werk verander, sê Krige, moet hulle eerder probeer om hul opgeboude aftreefondse in 'n bewaringsfonds te belê in plaas daarvan om dit op luukshede te spandeer. "Afgesien van die gunstige belastingvoordele, verseker dit dat hierdie belegging vir aftrede behoue bly."

Om redelik gemaklik af te tree verg egter meer as net goeie spaargewoontes en vereis al meer dat 'n mens ietwat langer moet werk. "Baie mense tree te vroeg af en vind dan ná 'n aantal jare dat hul pensioen ontoereikend is.

"In baie gevalle is hulle dan te oud om weer te begin werk. Dis uiters belangrik dat mense moet poog om tot 65 te bly werk."

Krige sê die voordele hiervan is dat daar vir 'n korter periode ná aftrede voorsien hoef te word, dat aftreefondse vir 'n langer periode beleggingsopbrengste kan verdien, en dat daar vir 'n langer periode vir aftrede bygedra kan word.



Prof Niel Krige



istockphoto

Verder is dit raadsaam om konserwatief te wees in jou aftredebeplanning en rekening te hou met die moontlikheid van laer beleggingsopbrengste en 'n hoër lewensverwagting.

"Indien 'n 65-jarige persoon 75% van sy salaris by aftrede as pensioen wil neem en wil verseker dat hierdie pensioen met inflasie toeneem, dan is dit wenslik om 'n kapitaalsom

> *"Baie mense tree te vroeg af en vind dan ná 'n aantal jare dat hul pensioen ontoereikend is. In baie gevalle is hulle dan te oud om weer te begin werk."*

van minstens 15 maal die verwagte pensioen te hê. Met ander woorde, indien 'n pensioen van R200 000 per jaar verlang word, is 'n kapitaalsom van minstens R3 miljoen nodig."

Oor watter tipe belegging die grootste opbrengs vir aftrede bied, sê Krige dat aandele 'n goeie opsie is.

"Aandele het die afgelope 100 jaar wesenlik beter presteer as enige ander bateklas – nie net in Suid-Afrika nie, maar ook internasionaal. Aandele het nie net 'n opbrengs van ongeveer 5% per jaar meer as rentebeleggings gelewer nie, maar het ook inflasie met ongeveer 7% per jaar geklop."

In dié verband wys Krige op die US-aftreefonds wat meestal 75% van totale bates in aandele belê.



# Nou dís mos **WOW!**

*Die Woorde Open Wêrelde-projek van die US Woordfees het pas sy tiende verjaardag gevier. ILSE ARENDSE het met die projekbestuurder, Fiona van Kerwel, gesels oor tien jaar van jong lewens verander.*

"Die Woorde Open Wêrelde-projek (WOW) help mense om daardie skatkis van potensiaal binne hulself te ontgin en ons einddoel is regtig om almal se lewens een WOW-ervaring te kan maak!" Só gesels Fiona van Kerwel, projekbestuurder van die US Woordfees se WOW-projek wat vanjaar sy tiende bestaansjaar vier.

Dié projek, gesetel binne die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, is deel van die US se HOOP Projek en bevorder woordvaardighede, lees, geletterdheid en die kunste deur 'n wye reeks projek-aksies, met Afrikaans as fokustaal. Die projek-aksies tydens die Woordfees sluit onder meer in 'n WOW-dag vir Gr 12-leerders en onderwysers, 'n skrywersfees vir laer- en hoërskole, asook die gewilde karnaval.

> *"WOW het vanjaar meer as 180 000 mense se lewens geraak, en dit is fantasties. Die entoesiasme van onderwysers en leerders is onbeskryflik – hulle is selfs bereid om hul persoonlike planne by ons aan te pas. Nou dís mos WOW!"*

Dan is daar ook projek-aksies wat deur die loop van die jaar aangebied word, onder meer 'n spelfees en skoolkoerantwerkwinkels. Leerders van skole wat aan die skoolkoerantwerkwinkels deelneem, kom ook in aanmerking vir US-studiebeurse.

Van Kerwel, oorspronklik van George in die Suid-Kaap, vertel sy het hier by Maties kom studeer en daarna as onderwyser in Stellenbosch begin werk. In 2004 het sy egter by die WOW-span aangesluit toe die projek amper een jaar oud was, so sy het die groeipyne van die begin ervaar. "Ek voel bevoorreg om deel te kan wees van 'n projek wat soveel lewens verander en ek werk met 'n groep dinamiese dames wat wondere verrig," sê sy.



Fiona van Kerwel (naasregs) saam met Marlene Fry, Marilyn Hendrikse, Shireen Crotz en Jeneen Wallow in die WOW-kantoor. Foto: STEFAN ELS

Die dekade van harde werk is einde November met 'n glansryke geleentheid gevier waar daar erkenning gegee is aan almal wat tot die projek se suksesse bygedra het.

Volgens Van Kerwel is daar nie juis rustige tye in hul kantoor nie, en soms "sluk WOW ons omtrent in", maar haar vrye tyd spandeer sy gewoonlik met haar man, dogter en seun, en sy is ook betrokke by ander gemeenskapsorganisasies. Sy sê elkeen wat positief deur WOW beïnvloed word, is 'n geweldige hoogtepunt.

"WOW het vanjaar meer as 180 000 mense se lewens geraak, en dit is fantasties. Die entoesiasme van onderwysers en leerders is onbeskryflik – hulle is selfs bereid om hul persoonlike planne by ons aan te pas. Nou dís mos WOW!"

Watter nuwe planne stel hulle vir die volgende dekade in die vooruitsig?

Van Kerwel sê daar is nooit 'n tekort aan nuwe planne nie, maar hulle kan slegs doen wat hul fondse en kapasiteit toelaat. "My kollegas Shireen Crotz, Jeneen Wallow, Genay Dhelminie en Marlene Fry het altyd idees wat gewoonlik deur diepe gesprek en beplanning met ons direkteur, prof Dorothea van Zyl, tot wonderlike projek-aksies ontwikkel. Ons het planne om ons skrywersbesoeke en spelfees uit te brei, ons gaan weer ons toneelfees op die been bring, en skoolkore laat herleef met ons Koorsig-kompetisie." Met soveel ywer is daar sekerlik nog tientalle jare van WOW.

• Vir meer inligting besoek www.woordfees.co.za.

## 10 jaar van hoogtepunte

- Sedert 2003 word meer as 'n halfmiljoen mense bereik.
- Oor die tien jaar het projek-aksies vanaf twee tot 27 toegeneem.
- Die eerste WOW-beurshouer van 2007 werk nou as joernalis by Son.
- In 2012 word WOW 'n HOOP Projek-inisiatief.
- Die WOW-beursfonds vir behoeftige studente is in 2012 gestig.
- 'n WOW-student haal die Studenteraad in 2012.
- Die WOW-spelfees het in 2012 nasionale status verkry, met sewe provinsies wat deelgeneem het.

# US maak musiek vir Khumba-fliek




Fliekgangers regoor die wêreld wat na die verhaal van klein Khumba, 'n sebra wat met net die helfte van sy strepe gebore is, gaan kyk, sal musiek in dié fliek hoor wat hier by die US opgeneem is.

Dié Suid-Afrikaanse rolprent wat deur die plaaslike filmmaatskappy Triggerfish vervaardig is, het vanjaar groot opslae gemaak. *Khumba* se voorganger, *Zambezia*, se perkussie is by die US opgeneem en so het die departement 'n voet in die deur gekry en is al die orkestrale musiek vir *Khumba* deur die US Camerata gespeel.

Gerhard Roux, 'n klank-tegnikus verbonde aan die US se Musiekdepartement wat verantwoordelik was vir die opname en meng van die musiek, verduidelik dat projekte soos hierdie wonderlike leergeleenthede vir studente bied en hulle waardevolle blootstelling aan die bedryf gee.

Die musiek vir *Khumba*, wat deur die bekroonde Suid-Afrikaanse komponis Bruce Retief geskryf is, is oor 'n tydperk van vier dae by die Konservatorium opgeneem. "Ons het die perkussie-, stryk- en blaasinstrumente almal afsonderlik opgeneem, want dit maak die redigering makliker," verduidelik Roux.

Die sowat 70 minute se musiek vir die film is alles in omringklank ("*surround sound*") opgeneem, iets wat volgens Roux "ietwat intimiderend en moeilik is".

Peter Martens, die dirigent, moes sorg dat die musiek presies ooreenstem met wat op die beeld van die fliek gebeur. Hy het dus die beeld op 'n skerm voor hom gesien en die bladmusiek daarvolgens interpreteer.

Daarna het die groot werk, die redigering, begin. Tydens die redigeerproses is die opnames van die perkussie-, blaas- en stryk-instrumente bymekaargesit en is presies gesinkroniseer met die beeld van die film. "Ons was 'n span wat vir twee weke lank 24 uur per dag skofte gewerk het om die redigering te doen," verduidelik Roux.

Die Musiekdepartement doen gereeld projekte soos musiek vir advertensies en rolprente, maar een van die planne vir die toekoms is om kort video-tutoriale beskikbaar te maak waarin kennis oor post-produksie en musiektegnologie gedeel word.

"Dit is vir ons uiters belangrik om die kennis wat ons opgedoen het deur baie foute te maak, toeganklik te maak vir mense," sê Roux.





*Die jaar is op sy einde en dit is somer – tyd om te ontspan en die aangename weer te geniet. Gaan maak 'n draai by The Blue Crane & The Butterfly vir middagete, lees 'n boek oor sokker op Stellenbosch, en verwelkom die nuwe jaar met 'n konsert by die Nederburg-wynlandgoed in die Paarl.*

## Etenstyd

The Blue Crane & The Butterfly het vroeër vanjaar in Dorpstraat (net om die hoek van Bukhara) oopgemaak en te meet aan die aantal mense wat middagete hier kom geniet, lyk dit of Stellenbossers alreeds lief geraak het vir hierdie aangename restaurant.

Die kos smaak en lyk vars en aanskoulik, en die aanbieding op 'n houtbroodplanke laat die disse selfs meer aanloklik lyk.

Hul spyskaart bestaan hoofsaaklik uit slaaie, rolletjies, kaas- en vleisborde, én daar is veel te kies vir dié met 'n soettand. Die rolletjies is van rog gemaak en die vulsels sluit in bief, salami of geroosterde groente, met 'n groenslaai en olywe daarby.

Eiervrug, aspersies, songedroogde tamaties, waatlemoen, bokmelkkaas en parma-ham tel onder die bestanddele vir die slaaie. Daar is ook souttert wat met 'n slaai voorgesit word. Maak seker jy kyk op die swartbord vir die dag se spesiale aanbiedinge.

Jy kan ook 'n heerlike ontbyt – met selfs meer interessante kombinasies van bestanddele – tussen 07:00 en 12:00 geniet. Gaan maak gerus hier 'n draai.



## Celebrate

A musical spectacular will be held to usher in the year 2014 at the Nederburg wine estate in Paarl.

This New Year's Eve concert will see acclaimed performers on stage, while the audience can enjoy a picnic on the lawn of the wine estate's manor house.

This concert is the highlight of Nederburg's annual chamber music concert series, which is presented in the manor house and in which local and international classical musicians perform.

Songstress Lira (photo) is the featured artists for the evening and will share the stage with other singers and instrumentalists, as well as the Cape Philharmonic Orchestra.

Lira is said to follow in the footsteps of giants such as the late Miriam Makeba and the legendary Letta Mbulu, but has carved her own musical niche with her Afro-soul music.

She has won several awards, including a few prizes at the South African Music Awards (SAMA), MTV African Awards, MoJo Awards, and was named *Glamour Magazine's* Woman of the Year.

She was also the main artist at Nederburg's New Year's Eve concert last year, and performed to critical acclaim.

This year's concert will included different styles of music, from contemporary and jazz music to classical pieces.

Patrons are invited to bring along the whole family, pack a picnic basket and enjoy the evening of festive music.

You are, however, not allowed to bring your own alcoholic drinks, but can purchase the estate's wines and sparkling wine at the concert. Also, bring along your own blankets, chairs and glasses.

The gates will already open on Tuesday, 31 December at 18:00 for those who want to start their picnic, although the concert will only start at 21:30.



Tickets cost R250 each for adults and R150 for children 12 to 18 years. Tickets are on sale at Computicket.

## Lees

'n Nuwe boek ontsluit die geskiedenis van sokker op Stellenbosch. In *Sokker op Stellenbosch*, saamgestel deur Hilton Biscombe, word die "kollektiewe geheue" van spelers en die gemeenskap ingespan om te vertel van die ontwikkeling van sokker as sport en sosiale aktiwiteit op die dorp.

Sport was nog altyd groot op Stellenbosch, maar min is al vertel van sport in die swart gemeenskappe van Stellenbosch.

Die plaaslike munisipaliteit en die US het in 2010, toe die Wêreldbeker-sokkertoernooi in Suid-Afrika gehou is, saamgespan om 'n projek te begin om dié geskiedenis te vertel. Die resultaat is *Sokker op Stellenbosch*.

Biscombe skryf in die inleiding tot die boek dat dit moeilik was om al die feite vas te pen, omdat bronne nie altyd beskikbaar was nie.

Die boek steun dus sterk op mondelinge vertellings van mense wat oor die jare by die sokkerklubs op die dorp betrokke was.


Die boek van 200 bladsye bevat tien hoofstukke waarin verskillende temas rondom sokker aangespreek word. Klubs, persepsies oor die verlede, administrasie, en legendes en helde tel onder die temas wat belig word.

Weens apartheid was sokker in Kayamandi nie deel van wat in die res van Stellenbosch gebeur het nie. Biscombe het daarom besluit om 'n aparte hoofstuk aan sokker daar af te staan.

Van die verlede word egter nie alleen vertel nie, en die verhale van vandag se klubs word ook ingesluit. As 'n laaste hoofstuk in die boek word die betekenis van sokker vir die spelers en die gemeenskap aangespreek.

Die boek is op Vrydag 22 November bekendgestel. By dié geleentheid het die US ook 'n vennootskap met die Local Football Association (LFA) van Stellenbosch onderteken.

Die vennootskap sal die US se posisie verder verstewig as 'n sleutel-speler in sokker in Stellenbosch en omstreke.



# Exercise is medicine

*What do we usually do when we have an ailment? We try all types of medicine. But there might be a better option: exercise, says Dr Robert E. Sallis of the international organisation Exercise is Medicine who recently visited Stellenbosch University.*

Exercise is the best curative and preventative medicine, according to Dr Robert E. Sallis. In his lecture, present by SU's Campus Health Services in October as their first event as a network member of Exercise is Medicine, Sallis presented evidence that exercise has far better results than taking pills and tablets.

Sallis serves as the chairman for Exercise is Medicine and is a former president (2007-08) of the American College of Sports Medicine (ACSM). He completed his residency in family medicine at Kaiser Permanente Medical Centre in Fontana, California. He lectures and publishes extensively on sports medicine and serves as chairman of the Science Advisory Committee to governor Arnold Schwarzenegger's Council on Physical Fitness and Sports.

"Inactivity is a bigger problem in public health than obesity. It is better to be fat and fit, than skinny and unfit," says Sallis.

Exercise, he adds, is a cost-effective medicine and research has shown that it has a better effect on people with conditions like osteoporosis, dementia and depression than the medicines which are commonly used to treat these conditions. In fact, exercise minimises one's risk of contracting these conditions.

Sallis quotes studies that have shown that people who exercise in general lives longer, because exercise reduces your risk for lifestyle diseases such as high blood pressure, diabetes and heart conditions.

Sallis is an advocate for more investment in exercise than in medicine. "Doctors are more eager to write a prescription for medicine than to prescribe exercise; it should be the other way around."

He says the three pillars of exercise are cardiovascular, strength and flexibility training. He suggests the minimum exercise one should do per day is to walk for 30 minutes at a speed that is fast enough that you are still able to talk but cannot sing.

"It would be great if doctors all over the world could prescribe exercise to their patients," Sallis says.


istockphoto


*Dr Robert E. Sallis with SU's Dr Pierre Viviers, Senior Director of CHS.*

## International networks for CHS

SU's Campus Health Services (CHS) recently signed international network associations with the FIMS (International Federation of Sports Medicine) and EIM (Exercise is Medicine).

CHS is now a Collaborative Centre for Sport Medicine of the FIMS, making CHS one of only three in Southern Africa.

Furthermore, CHS is currently a Network Member of the EIM. This makes SU the first university in South Africa to officially sign on.

FIMS is an international organisation of sports medicine associations that spans all five continents, with the aim of assisting athletes in achieving optimal performance by maximising their genetic potential, health, nutrition, and high-quality medical care and training.

EIM is an international organisation which aims to make physical activity and exercise a standard part of a global disease prevention and treatment medical paradigm.

"We want to provide our clients and patients with a full spectrum of health services at CHS and these associations make it possible. We not only want to be curative but preventative as well. This is in keeping with international trends," says Dr Pierre Viviers, Senior Director of CHS.





# Dekades van toewyding

*Ná 42 jaar as personeellid van die US se Biblioteek, tree Steven Fredericks einde Desember af. LUCIA SCHOOMBEE kyk saam met hom terug oor die meer as vierde dekades waarin hy die US beleef het.*

Steven Fredericks is al beskryf as "'n baie pertinente figuur in die geskiedenis van die Biblioteek en sy personeel". Nou, ná 42 jaar se diens, het sy aftrede aangebreek en sal hy op 30 Desember sy laaste werkdag voltooi. Hoewel sy aantal diensjare merkwaardig is, is dit veral sy karakter en die statuur wat hy beklee wat met sy aftrede gevier en beklemtoon word.

Op 25-jarige ouderdom het Fredericks as biblioteekhulp by die destydse Mediese Skoolbiblioteek verbonde aan die Karl Bremer-hospitaal begin werk. Hy het toe slegs oor 'n standerd agt-sertifikaat beskik. Studente wat in die biblioteek studeer het, het hom egter so begeester dat hy in die daaropvolgende jare 'n matrieksertifikaat, 'n diploma in biblioteekkunde en uiteindelik die vierjarige B.Bibl-graad op 47-jarige ouderdom behaal het.


Die persoonlike opoffering en toewyding waarmee hy sy studies buitemuurs aangepak het, is uiteindelik beloon toe hy in 1995 tot Junior Bibliotekaris bevorder is. Daarna het hy gevorder tot

> "Destyds is mans, selfs wanneer hulle vensters gewas het, verplig om das te dra en dames moes 'behoorlik' aantrek – kort rompe en langbroeke is nie geduld nie. Vroeër jare was daar ook maar min motors op kampus, want studente het meestal fiets gery."

Bibliotekaris en uiteindelik tot Senior Bibliotekaris beide by die Gesondheidswetenskappe Biblioteek en die bronverskaffingsafdeling in die JS Gericke Biblioteek.

Fredericks vertel dat dinge oor die afgelope 42 jaar baie verander het by die Universiteit. "Destyds is mans, selfs wanneer hulle vensters gewas het, verplig om das te dra en dames moes 'behoorlik' aantrek – kort rompe en langbroeke is nie geduld nie. Vroeër jare was daar ook maar min motors op kampus, want studente het meestal fiets gery," vertel Fredericks.

So ook het die Biblioteek oor die jare dramaties verander. 'n Aktiwiteit wat Fredericks goed onthou, is dat hulle een maal per week moes "raklees". Dit het behels dat die bokant van boeke gestofsuig moes word, die rak met 'n effe klam lap


*Steven Fredericks* Foto: HENNIE RUDMAN

afgevee en boeke dan aan die hand van 'n spesiale houtplankie belyn moes word.


"Dit was ook die tyd toe kataloguskaartjies op wasvelle getik is, in 'n slinger-aksie kopieermasjien gedupliseer is en daarna opgehang is om droog te word. Vandag is die Biblioteek elektronies baie gevorderd en dit vereis kophou om daarmee tred te hou," vertel Fredericks.

Oor die jare was daar ook politiek-kulturele veranderinge. "Waar 'n eertydse biblioteekhoof dit goed gedink het om vir assistente Switserse koeiklokkies te gee om aan hul gordels te dra sodat sy kon monitor of hulle werk, is interkulturele verhoudings by die Universiteit nou gemaklik en spreek dit van wedersydse respek."

Met die ontwaking van demokrasie, was dit vir Fredericks veral verblydend dat onewe aanspreekvorme tussen rassegroepe verdwyn het en dat kollegas mekaar op voornaamterme kon aanspreek.

Om met studente te werk en vir hulle te help om inligting op te spoor, is wat hy die meeste geniet het. Vir sy kollegas laat hy dié boodskap: "Om sukses te behaal in jou pogings moet jy lief wees vir wat jy doen!"

Ná 42 jaar neem die Biblioteek met ontsag en waardering afskeid van Fredericks – 'n groot, sagmoedige man met ondeunde oë en 'n skerp humorsin wat kollegas om hom inspireer en oor meer as vier dekades deurlopend 'n voorbeeld van toewyding, vriendelikheid en volharding was.







## ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS

TE KOOP / FOR SALE

**Heuning:** 500g Heuning te koop @ R30. Kontak Sas De Kock 021 887 0988 of 084 023 8909.

VERBLYF TE HUUR / ACCOMODATION TO LET

**Vakansieverblyf in Pearly Beach:** 2 slpk, 1 bdk, oopplan braai-/leef-/en kombuisarea, 1 motorhuis, maks 4 persone. 2 minute se stap vanaf see. Beskikbaar vanaf 23 Desember tot 2 Januarie @ R500 p/d. Skakel mev Visagie by 071 148 2272.

**Woonstel te huur:** Woonstel aan huis in Dalsig te huur vanaf Januarie/Februarie 2014 vir jong werkende dame met sober gewoontes. Slpk, bdk en "kitchenette" met toesluit-motorhuis. R3 000 p/m, water ingesluit. Skakel mev Visagie by 071 148 2272.

SAAMRYKLUBS / LIFTS CLUBS

**Durbanville/Stellenberg-Stellenbosch:** Bestaande saamryklub soek een persoon met motor om aan te sluit. Werksure 07:30 tot 16:15. Kontak wkok@sun.ac.za.

**Goodwood-Stellenbosch:** Lift required daily. Working hours 07:45 to 16:00. Contact Jonathan Pasqualli on 072 682 7758 or 021 808 9409 or Sfi2@sun.ac.za.



*Prof Suzette Viviers (middel) van die Departement Ondernemingsbestuur in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het op 29 Oktober haar intreerede, getiteld "Mixing Morals and Money – A futile dream?", gelewer. Hier is Viviers saam met prof Johann de Villiers, Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, en prof Eugene Cloete, Viserektor (Navorsing en Innovasie).*
*Foto: JUSTIN ALBERTS*



*Prof Kristian Müller-Nedebock (middle) of the Department of Physics in the Faculty of Science delivered his inaugural lecture on Thursday, 31 October. The title of his address was "Filament networks using theoretical physics". Pictured here with Müller-Nedebock are Prof Eugene Cloete, Vice-Rector (Research and Innovation), and Prof Douglas Rawlings, Acting Dean of the Faculty of Science.*
*Photo: ANTON JORDAAN*



*Prof Thomas Niesler (middel) van die Departement Elektroniese Ingenieurswese in die Fakulteit Ingenieurswese het op Dinsdag 12 November sy intreerede getiteld "A whistle stop tour of automatic speech recognition" gelewer. Hier is Niesler saam met prof Hansie Knoetze, Dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese, en prof Eugene Cloete, Viserektor (Navorsing en Innovasie).* *Foto: JUSTIN ALBERTS*